**Kraggakamma Huisgeloof**
**vir kleingroepe, families en stiltetyd**
**3-8 Mei 2026**

**Tema: Laat DIE LIG jou huis toe lei**

**Fokus Teks:** 1 Johannes 2:1-11

Alternatiewe Teks: Johannes 8:12

## Afskop vrae:

Het jy in jou tienerjare 'n inkom tyd gehad? Hoe laat was dit? Het dit ooreengestem met jou maats sin? Baie kinders se inkomtyd is "voordat dit donker is". Hierdie week gesels ons verder oor lig en donker.

## Gespreksvrae:

*1 Johannes 2 moedig gelowiges aan om nie te sondig nie, maar leer dat Jesus ons voorspraak en versoening is*

- Het Johannes gedink dit is moontlik vir mense om heeltemal sonder sonde te wees? Hoe weet jy? As hy nie bedoel het dat 'n persoon sonder sonde kan wees nie, wat was sy bedoeling?
- Gesels oor die gedagte:
  Dien God en doen waarvan **<u>jy hou</u>** teenoor Dien God en doen waarvan **<u>God hou</u>**
- Vergelyk Levitikus 19:18 met 1 Johannes 2:8. Waarom is dit belangrik dat ons die opdrag om mekaar lief te hê as 'n gebod van die begin af sien? Wat wys dit ons oor die aard en karakter van God? In watter opsig is hierdie opdrag beide oud en nuut?
- As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis. (1 Joh. 2:9). Wat leer hierdie teks ons oor liefde vir God en liefde vir ons naaste.
- Ds Nati Stander skryf die volgende na aanleiding van 1 Johannes 2:
  Ons leer hier 5 Tydlose beginsels vir 'n Christen se verhouding met God
    1. Gehoorsaamheid bewys ware geloof (2:3-5).
    2. Broederliefde is 'n teken van wandel in die lig (2:10).
    3. Die wêreld is tydelik; God se wil is ewig (2:17).
    4. Die salwing van die Heilige Gees leer ons waarheid (2:27).
    5. Christene moet in Christus bly om nie mislei te word nie (2:28).

## Afsluiting:

Gee geleentheid vir elkeen in die groep om 1 ding te deel waarna hul uitsien of opsien. Sluit dan af deur saam hardop die Onse Vader gebed te bid.